# NIE ONS PLANNE NIE

***"U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."*** Psalm 91:2.

Dit is tog interessant hoedat ons baie keer dink dat ons plannetjies beter is as ons God se planne. Dan is daar ook die tye dat ons dink dis nodig om vir God te herinner aan sy 'beloftes' of aan wat ons wil aanvaar as God se onvoorwaardelike 'beloftes.'

Wat bedoel ek?

Nou die dag sê 'n kind van die Here vir my, dat my voet, na sewe maande, nog nie heeltemal gesond is nie omdat ek nie gevra het nie. Ek moet kwansuis vir God herinner dat Hy in sy Woord sê dat Hy *sal* genees! Toe ek antwoord dat ek net verwag dat God se wil gedoen moet word, was dit toe vir haar die teken dat ek nie glo nie!

Toe die dokters, sewe maande gelede vir my sê dat hulle my toon sal moet afsit, het ek dit voor die Here gelê en vir Hom gesê: *"Vader, ek weet dat U hierdie vrot toon kan genees, maar as dit nie U plan met my is nie, weet ek dat U genade genoeg sal voorsien!"*

In dié sewe maande het ek al baie geld betaal vir 'n wond wat nie genees nie, en ek het baie pyn en ongerief verduur, maar in die proses het Hy vir my en vir my geliefdes lesse geleer wat ons miskien anders nie sou geleer het nie. Ek kan vandag getuig dat God se genade nie net genoeg is nie, maar MEER AS GENOEG!!!

Tot Sy eer, het Hy dinge vir en met my gedoen, wat my na my asem laat snak het!

My God is magtig om enigiets te doen en Sy liefde ken geen perke nie, maar Sy planne kan nie verydel word deur my impulsiewe gedagtes en besluite nie. Dis nie my planne wat tel nie, maar Vader se volmaakte planne wat vir my beswil is.

Ek lees net gister van die melaatse man wat, heel aan die begin van Jesus se bediening, voor Hom kom kniel het en vir Hom gesê het: "***Here, as U wil, kan U my gesond maak."*** Hier was 'n man wat geglo het dat ons Here hom kan genees, maar hy wou net die Here se wil hê. Jesus het vir hom gesê; ***"Ek wil. Word gesond."*** (Matteus 8:1-3)

Selfs Paulus het drie keer gesmeek vir verlossing van die 'boodskapper van satan' en drie keer het die Here geantwoord dat sy genade genoeg is vir Paulus. (2 Korintiërs 12:8).

Ek onthou hoe Louis Malherbe op 'n keer vertel het dat die Here ons in die oond sit en die hitte laat styg totdat ons skreeu vir die oond se deur om oop te gaan. Dan maak die Here die deur oop en ons klim uit, MAAR ONS IS HALF-GEBAK! Die Here het nie sy wil gekry met ons nie!

Vriend, dis nie *ons* plannetjies wat tel nie. Ons Hemelse Vader het 'n volmaakte plan met jou en met my – laat Hom toe om dit te volbring in jou lewe. Pasop vir half-gebak!

Dit is so waar dat ons op ons oudag betaal vir die dinge wat ons so geniet en gedoen het - toe ons nog jonk was! Ons moet egter onthou dat Vader nie dinge in ons lewens toelaat sodat Hy dit kan geniet nie, 'n soort van sadisme. Hy is die God van liefde en, met soos enige aardse pa sal seerkry as sy kind seerkry, so is dit ook vir Vader pynlik om te sien dat ons ly of swaarkry. Die verskil is net dat wanneer ons ly, gebruik Hy dit ten goede!!! (Romeine 8:28).

Dit is alleenlik wanneer ons gehoorsaam is om volgens Vader se planne te lewe, dat ons Hom kan verheerlik. – en dit is sekerlik ook ons doel om gehoorsaam te wees.

Wees dan versigtig met ons eie plannetjies wat soms nie naby ons Vader se wil is nie.

Om God, as my Vader te vertrou, beteken dat ek nie met Hom stry oor Sy planne nie, maar ek is gehoorsaam om Sy planne met my lewe na te kom. Daar is geen manier dat ek Hom kan druk om te doen wat *ek* wil nie.

Elkeen van ons is eiesoortig, maar ons is gemaak om God te verheerlik.(Jesaja 43:7)

Los maar jou plannetjies en luister na God se plan vir jou.